

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 235

(Geen datum)

God maak Hom aan die mens bekend!

* * * * *

"Die hemel getuig van die mag van God."

(Psalm 19:2)

"Die Woord van die Here is volmaak . . .
Die gebod van die Here is helder . . ."

(Psalm 19:8, 9)

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

God spreek tot jou deur sy Skepping

Daar is baie dinge wat jy kan ignoreer.

* Een ding kan jy egter nie ignoreer nie . . .

Dit is jou eie omgewing, die natuur, al die plante en diere asook die hemelruim met al die hemelliggame.

* Jy is elke dag daarmee gemoeid en daarvan afhanklik.

* Jy staan ook klein en hulpeloos voor natuurrampe en andersins ook, verbaas oor sommige asemrowende natuurtonele.

Die vraag is:

— of jy die Goddelike stem wat daardeur tot jou spreek, raak sien?

— Deur aan ons die magtige werk van sy hande te toon, wil die almagtige Skepper Homself aan ons bekendmaak deur vir ons te sê Wie Hy is. Dit is belangrik dat jy dit duidelik moet hoor.

Koning Dawid kon hierdie stem nie ignoreer nie.

= Hy skryf in Ps. 19:

"Die hemel getuig van die mag van God, die uitpansel maak die werk van sy hande bekend. Die een dag gee die berig deur aan die ander en die een nag deel die kennis aan die volgende mee. Sonder spraak en sonder woorde, onhoorbaar is hulle stem." (Verse 2 tot 4.)

Die Here stel Homself daarin so duidelik aan ons voor dat ons, ons oë nie kan oopmaak nie of ons móét Hom raaksien. Daarin kan ons God leer ken as die almagtige Skepper, die Onderhouer en Regeerder van alle dinge.

* Van die skepping van die wêreld af kan 'n mens uit die werke van God duidelik aflei dat sy krag ewigdurend is en dat Hy waarlik God is." (Rom. 1:20.)

En tog is ons oë dikwels toe.

Ons raak so gewoond aan al die dinge wat ons elke dag sien.

Dit is vir ons doodgewoon dat die een skepsel op die ander aangewese is en ons sê: Dit reën, dit sneeu, dit ryp en ys. Die Woord van die Here sê egter:

"O Jerusalem, prys die Here! O Sion loof jou God! . . .

Hy het jou kinders binne-in jou geseën.

Hy . . ., wat jou versadig met die beste van die koring . . .

Hy gee sneeu soos wol;

Hy strooi ryp soos as.

Hy werp sy ys heen soos stukke . . .

Hy stuur sy woord en laat hulle smelt;

Hy laat sy wind waai — die waters loop." (Ps. 147)

Die sonde en die effek van die sonde het dit vir jou en my onmoontlik gemaak om sonder 'n "bril" al hierdie waarhede raak te sien. Hierdie "bril" is God se Woord. As jy gereeld die Bybel lees sal jy God ook deur die skepping beter leer ken.

Meer nog, as jy Jesus Christus deur die Bybel leer ken, sal jy weet dat die Here nie net jou almagtige Skepper is nie, maar ook jou genadige hemelse Vader.

* Dan sal die skepping jou ook voortdurend daaraan herinner dat jy dank, lof en aanbidding aan hierdie enige ware God verskuldig is.

Ken en aanbid jy Hom?

— ***Ds. Sarel Cilliers***

Ons leer God in sy Woord ken

'n Man het by homself geredeneer: "Ek sou so graag wou glo. Maar hoe kan ek wéét of God bestaan? Hoe sal ek God leer ken?"

Hoe dikwels gebeur dit nie dat ons ook soos hierdie man, God miskyk nie.

God het met groot sorg Homself aan ons bekend gemaak, . . . deur sy WOORD . . . die Bybel.

In Psalm 19:8 word gesê: "Die Woord van die Here is volmaak: dit gee lewe."

Die Here Jesus het ook gepraat van die Woord wat lewe gee. As die Satan die Here Jesus versoek in die woestyn, dan sê die Here vir Hom: " 'n Mens leef nie net van brood nie maar van elke woord wat uit die mond van God kom." (Matt 4:4.)

Verstaan u dit?

- * Die Here praat met ons
- * Die Here maak Homself aan ons bekend
- * Deur die Woord wat lewe gee.

Wie dus met God se Woord besig is leer God ken en ontvang die lewe.

- * Dáár moet ons begin soek.
- * Dáár is God se adres — waar Hy deur die Bybel met ons wil praat.

Ons kan nie in onself òf in ons gedagtes òf in ons werke na God begin soek nie. Nee, alleen in sy Woord het God Hom bekend gemaak. As ons God wil ken, kan ons nêrens anders as in sy Woord begin soek nie. Die apostel Paulus skryf aan sy helper Timoteus:

"Dit (die Bybel) kan jou die kennis bybring wat tot verlossing lei deur die geloof in Christus Jesus. Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk." (2 Timoteus 3:15- 17.)

EN AS EK NIE VERSTAAN NIE?

Nou sal u miskien sê: "Die Bybel is so moeilik om te verstaan." Dit mag ook nog so wees dat u onlangs weer tevergeefs probeer het om 'n gedeelte te verstaan. Dan moet u weet dat God se Woord nie geskryf is om onverstaanbaar te wees nie.

Wat moet u doen om die Woord te verstaan?

Wat sou u doen as u 'n skrywer se boek nie verstaan nie? Die beste sou seker wees om vir die skrywer te vra wat hy bedoel het.

Net so kan ons ook vir God vra, deur sy Gees en gebed!

Al het Hy van baie mense gebruik gemaak om sy Woord neer te skryf, weet ons dat Hy die skrywers deur die Heilige Gees gelei het. Ons noem daardie leiding die inspirasie van die Heilige Gees.

- As die Heilige Gees dan die eintlike skrywer van die Bybel is, kan die Heilige Gees ons help om die Bybel te verstaan.

- As jy biddend lees, sal God vir jou baie dinge oopmaak.
Sterkte daarmee!

— *Ds. Pieter Odendaal*

Ken God deur sy Wet

God openbaar HOM deur sy SKEPPING en sy WOORD. Tog kan ek en jy God óók op 'n ander manier leer ken.

* Ons ken God ook in Sy WET.

God se Wet is vir almal. Ook die wat Hom nie ken nie. Want deur God se wet kry die gelowige perspektief.

"Die gebod van die HERE is suiwer: dit verlig die oë" (Ps 19:19).

Deur God se Wet sien u en ek beter. Dit laat ons alles in 'n nuwe perspektief sien.

* Nou sien ons reg en verkeerd.

* Nou sien ons die ongeregtigheid van die wêreld.

* Nou sien ons wat werklik mooi en reg is.

* Nou sien ons ook wat fout is in ons eie lewe.

Die wet van God is dus vir ons 'n oopmaak van 'n deur: 'n Deur na God toe!

Want . . .

— Sy wet is waarheid

— Sy wet sal nooit vergaan nie

— dit is blywend tot in alle eeue.

= Soek u na dit wat werklik blywend is?

= Soek u na die waarheid?

= Soek u na dit wat reg is?

= Soek u na die mooi en die liefde?

Soek dit alles deur die wet van God.

Want in die Wet is al hierdie dinge opgesluit.

Die digter van Ps. 19 sê verder dat die wet begeerliker is as goud, en soeter as heuning (vs. 11).

Weet u wat kry u in die wet van die Here? U kry LIEFDE!!

Ons Here Jesus sê dit self wanneer Hy die wet saamvat in twee sinne: Liefde tot GOD en liefde tot jou naaste (Matt 22).

God het jou lief. Daarom sê Hy in Sy wet hoe jy moet leef. Nou vra God in Sy wet vir ons — Liefde vir Hom.

* Liefde vir God. Dit is en bly die belangrikste.

= Kyk watter groot liefde het Hy vir ons gehad — dat Hy sy Seun gestuur het om vir ons sondes te betaal. = Kyk watter groot liefde het Jesus vir ons — deur te sterf vir ons sondes en om ons alles te gee wat ons nodig het. = Kyk watter groot liefde het die Heilige Gees vir ons — dat ons alles ontvang deur die geloof.

Die wet vra van u en my GEHOORSAAMHEID. Is u gehoorsaam aan die wet van die HERE?

OF - is u

- * Gehoorsaam aan u eie wet?
- * 'n Luisteraar na die wêreld?
- * Doof vir die wet van God?

Onthou . . .

Die wet maak die deur oop na God in Jesus Christus.

Dan sien u uself soos u werklik is.

. . . Dan vind u Jesus wat die eis van die wet vir u en my nagekom het

. . . Die Wet wys vir ons wie Jesus is.

— ***Ds. Leo van Schaik***

Reaksie op God se openbaring

Ps. 19:15 - "Laat die woorde van my mond, en die oordenking van my hart welbehaaglik wees voor u aangesig, o Here . . .! Mense reageer verskillend op die Woord van die Here.

- = By sommige is daar gelowige aanvaarding daarvan,
- by andere onverskillige verwerping.
- = Sommige word daardeur opgewek tot bekering en gehoorsaamheid
- by andere lei dit alleen tot onbekeerlikheid en verharding.

Wanneer die Evangelie verkondig word, is die reaksie uiteenlopend.

Die bekende gelykenis van die saaiër (Lukas 8) laat ons iets daarvan sien. Dit sê vir ons dat 'n groot deel van die prediking totaal en al nutteloos en tevergeefs is, omdat baie van die mense wat daarna luister, nie vir die Woord ontvanklik is nie.

- Daar is diegene by wie die saad van die Woord uit die staanspoor tot niet gaan, by wie daar selfs geen moontlikheid tot ontkieming is nie.
- Daar is diegene wat aanvanklik selfs met entoesiastiese skynvertoon daarop reageer, maar by wie die diepte en die duursaamheid ontbreek, en by wie daar weinige standvastigheid en bestendigheid is.
- Daar is diegene by wie die saad van die Woord verdring en versmoor word deur die sorg en die genietinge van die wêreld — die rykdom en drukdoenery, die naywer en opgeblasenheid, die suksesjag en ydelheid en onafhanklikheid en selfverheffing wat so 'n groot deel van ons menswees in beslag neem.
- Daar is volgens Eseg. 12:22 dié groep mense wat moedeloos geword het omdat die vervulling van die beloftes van die Evangelie na hulle oordeel te lank uitbly, en wat dit dan openlik betwyfel, en wat die eise en opdragte van die Woord doelbewus en volhardend minag.
- En dan skryf Eseg. in vs. 27 van dieselfde hoofstuk oor diegene wat die beloftes en die eise van die Bybel afmaak as dinge van die verre toekoms, as vaaghede op die horison van ééndag, dinge wat vir die hede niks te sê het, en wat my in my daaglikse omstandighede nie juis raak nie.

Maar Goddank, die Woord van genade keer nooit leeg tot die Here terug nie.

"Die Woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees ..." (Heb 4:12).

- = Dit is die instrument wat God gebruik om deur sy Gees die getal van sy uitverkorenes vol te maak.
- = Dit is die werktuig van God waardeur Hy sy Kerk in die eenheid van die ware geloof vergader.
- = Daarin hoor ons die stem van die Here wat roep en waarsku, wat bemoedig en tereg wys, wat vertroos en vermaan, wat lei en onderrig en die koers aandui tot in die heerlikheid wat kom.

- En as sodanig vra dit reaksie: geloof en bekering en oorgegewenheid en toewyding. Gehoorsame reaksie!

En nou is daar ook diegene wat gehoorsaam daarop antwoord. Benewens die talle wat hulle aan die Bybel nie steur nie, is daar ook diegene wat die Woord hoor en verstaan.

- wat dit opneem en bewaar
- wat steeds daarmee werksaam bly
- wat daaruit leef en daarin volhard
- wat ootmoedig voor die gesag daarvan buig.

- Dit is hulle wat aan die Here behoort.
- Dit is hulle vir wie Christus sy lewe gegee het.
- Dit is hulle wie se name in die boek van die lewe opgeteken staan.
- Dit is hulle wat eenmaal deel sal wees van die verlore skare voor die troon van God, beklee met wit klere, rein gewas in die bloed van die Lam, en wat Hom sal loof en prys vir Sy Woord van genade.

Hoedanig is u reaksie op die Woord van die Here?

Maak dit die bede van u hart: "Here, open my hart en verlig my verstand!"

"Laat tog my tong en mond,
my hart en diepste grond,
o Heer, op Wie'k vertrou het,
U welbehaaglik wees
wat in my hart kan lees —
my Rots, op wie'k gebou het."

— *Ds. Pieter van der Walt*

Die ken van God bring 'n ewige oorwinning

Daar is GEEN mens op aarde, wat *los* leef van die genade van God nie!

- God laat sy son opgaan oor slegtes en goeies.
- God laat reën op regverdiges en onregverdiges.

Sien jy dié dinge as komende uit God se hand?

OF . . .

Neem jy dit maar net as vanselfsprekend aan?

Dat dit maar so hoort?

- Geagte Leser, dit is goed en wel om dit nou so te aanvaar, maar wie van ons is daar wat leef en die dood nie eenmaal sal aanskou nie?

Dan lê die ewige beslissing:

Tot God of . . . tot Satan.

Het jy 'n bietjie tyd om aan my af te staan?

Is jy suksesvol in die lewe?

'n Suksesvolle mens is die een wat 'n ding begin en enduit voltooi. Dit is nie die een wat halfpad deur die wedloop van die baan aftrek en gaan sit nie.

- Die suksesvolle is dié een wat voltooi wat hy begin het.
- Hy is die OORWINNAAR!

Waar is daar 'n oorwinning soos 'n *ewige oorwinning!*

'n Oorwinnaar in 'n

EWIGE OORWINNING ...

Kom blaa saam met my in God se Woord na Psalm 20.

- Koning Dawid sing die pragtige Psalm tot eer van God en tot 'n seën vir die oorwinning van die koning.
- 'n Gebed vir die koning as hy optrek in die stryd.
- Dawid maak die oorwinning en die seën van God tot éénheid.
- Om te oorwin maak God dit moontlik — deur verhoring van GEBED.

Geen koning kan oorwin as God nie aan hom die oorwinning gee nie. Geen mens kan oorwinnaar wees . . . as God dit nie SKENK nie. Is jy dalk besig om uit die wedloop van die lewe af te draai? Hoe doen jy dit? vra jy.

- Deur meer op die mens te roem as op God. Dawid sê dit is om te roem op strydwaens en perde.

- * Dit is om staat te maak op die mens se vermoëns. Die mens hoër te ag as vir God. Daar is amper 'n vaste patroon van doen:

- jy begin al meer wegbly van die kerk af
- lees al minder in die Bybel
- jou gebedslewe verstil
- jy gee toe aan versoekings.

Só is jy besig om te verloor!!

Kom ek wys jou weer op die eeu-oue waarheid. Kom kyk saam met my na dié "Koning" waarvan koning Dawid gesing het in Psalm 20. Hy sê: "Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde." (Matt 28:18.)

Koning Jesus het die pad enduit geloop . . . oor die kruis . . . deur die hel . . . in die dood . . . en opgestaan uit die dood . . .

Geen mensewerk nie.

Net genade van God alleen.

Want daardie pad het Hy selfs vir my voltooi.

En . . . vir JOU.

En Sy opstanding uit die dood is ons

EWIGE OORWINNING!!

— ***Ds. Andries H. Mulder***